NOORDELIKE SINODE NUUSBRIEF
verskil

Ek wil asb inteken op Verskil / Kanselleer asb my intekening op Verskil

- **Webblad:** http://noordsin.ngkerk.net
- **Facebook**: https://www.facebook.com/noordsin/

12 Februarie 2021: Nr 04/2021

Warm nuus

Biddag vir Onderwys en Opvoeding

Eerskomende Sondag, ***14 Februarie***, word geleentheid geskep vir gemeentes en lidmate om te bid vir alle opvoeders en leerlinge.

Gewyigde skoolkalender

Die Departement van Basiese Onderwys het pas die nuwe skoolkalender vir 2021 bekendgestel. Die kalender is aangepas nadat die akademiese jaar weens 'n nuwe golf van COVID-infeksies met twee weke uitgestel is. **Kliek hier** vir die gewysigde kalender.

Die nuwe kwartaaldatums is soos volg:
15 Februarie - 23 April
03 Mei - 09 Julie
26 Julie – 01 Oktober
11 Oktober - 15 Desember

Eerstejaarskamp

Fritz Snyman van **Universiteitsoord** skryf: Nie een van ons by Universiteitsoord hoef oor die waarde van Eerstejaarskampe oortuig te word nie. *Hierdie keer is dit "anders" en meer uitdagend as ooit!* Tog glo ons, met alles in ons, dat "iets" van wat net op eerstejaarskamp gebeur, steeds moet gebeur!

Ons antwoord: 'n Covid-vriendelike alternatief: ses kleiner, meer intiem-persoonlike "kampe". Ongelukkig, hierdie jaar sonder die tradisionele uitgeslaapte kampbed en koue storte.

Saam met ons studenteleiers is ons oortuig dat ons in hierdie twee dae 'n kreatiewe, pret-gevulde, betekenisvolle program teen 'n bekostigbare prys kan aanbied.

Ons waarborg: nuwe vriende, "Tips vir Tuks", motivering vir die jaar wat voorlê en die geleentheid om by ons studente-geloofsgemeenskap in te skakel.

Al die inligting en inskrywings is op die gemeente se webblad beskikbaar: **Kliek hier**.

'n Bediening aan studente sonder vennootskap met die student se tuisgemeente is net nie moontlik nie. Daarom nooi ons jou ook graag uit om te enige tyd een van ons studenteleraars te kontak sou jy graag iets rakende 'n student wil bespreek, of as jy sommer net iets onder ons aandag wil bring.

Sinodenuus

❖ WhatsApp-groep vir leraars

Die Sinodehuis het 'n groep op WhatsApp geskep spesifiek vir die *leraars van Noordelike Sinode* met die uitsluitlike doel om inligting deur te gee. Die bedoeling was dus nooit dat dit 'n geselsgroep sou wees nie en is intussen verander na 'n "Broadcast"-groep met die naam *Sinodehuis Info*.

Om dit vir jou makliker te maak kan jy die aangehegte **QR-kode** met jou foon afneem en dit onder jou kontakte stoor as *Sinodehuis Info*.

❖ Tekslees met 'n verskil

Datum: Dinsdag ***9 Februarie*** om 11:00
Skriflesing: **Jesaja 58**
Zoom uitnodiging: Join Zoom Meeting [**Kliek hier**];
Meeting ID: 921 9767 1478; Password: 453371
Kontak vir **Fanie Cronjé** (083 415 1452) of vir **Kobus Mybrugh** (083 227 7185) vir navrae**.**

Kollega- en ander personeelnuus

❖ Innige simpatie

Rustenburg-Bergsig skryf: Dit is met groot hartseer wat ons verneem het dat **ds Johannes (JM) Kelber** (VGK) oorlede is.

Stefan Saaiman (49), leierouderling van Rustenburg-Suid en afgevaardigde na die 2019 Algemene Sinode, is onlangs aan Covid-19 oorlede.

❖ Covid-19

Ons is van die volgende bewus:
Gerard Breytenbach (emeritus in Harare) en sy vrou, **Sheri**, was beide siek met Covid. Sheri het byna heeltemaal herstel en met Gerard gaan dit ook beter.

Theo Oosthuyzen (Marikana) was onlangs vir 12 dae in die hospitaal, maar het mooi herstel. Sy vrou **Des**, en ander van hulle familielede was ook siek.

❖ In die hospitaal

Attie Beetge (emeritus en vroëer van Pretoria-Oos) het onlangs sy oog weens kanker verloor. Sy dogter, Elna laat weet dat hulle baie dankbaar is dat die kanker nie versprei het nie.

❖ Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone wat verjaar:
14/02 Jannie Hamman [Emeritus, 082 813 9692, jjhamman1965@gmail.com]
Tokkie Scheepers [Emeritus, 046 654 0407, tokkie@lantic.net]
16/02 Niekie Lamprecht [Emeritus, 083 254 4232]
17/02 Attie Nel [Waverley, 082 418 5054, attie@ngwaverley.co.za]
18/02 Jacques Erasmus [Hulp en Hoop, 072 653 9845, ds.jacques.erasmus@gmail.com]
20/02 Gustav Claassen [Pretoria-Oos, 082 856 1943, gustavcl@mweb.co.za]
Peet Crous [Lynnwood, 079 893 5572, peetcrous@gmail.com]
Bernard Rademeyer [Emeritus, 083 231 3033, bernardrademeyer1@gmail.com]

14/20 Gerda Barnard [012-752 6625, hjjbarnard5@gmail.com]
Christa Lambrechts [012-546 8859, hendrikl@telkomsa.net]
Lieze Meiring [Universiteitsoord, 082 807 4530, arno@universiteitsoord.co.za]
17/02 Juckie de Vos [Wonderboompoort, 012-377 0206, whdevos@gmail.com]
18/02 Petro Small [Petronella, 012-545 4093, ngpetronella@mweb.co.za]
Nicolene Venter [Piet Potgietersrust, 084 513 2462, phventer@mweb.co.za]

Gemeentenuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**

Valhalla 15/02/1960

❖ **Tuinrand**

Muur van herinnering: Nissies te koop @ R3500.
Prys sluit onder andere gravering in; Bewaring is geldig vir 30 jaar na datum van afsterwe; Streng toegangsbeheer; Palissadeomheining ens.
Belangstellendes kan die kerkkantoor kontak: Donderdae en Vrydae – 012-3792268 / ngtuinrand@telkomsa.net.

Excelsus

Die jaar van God se genade (Jaar A): Die eerste van vanjaar se kreatiewe werkswinkels oor die viering van die kerklike jaar (Aanlynaanbieding)
Datums: ***15 & 16 Februarie 2021***
Tema: **Lydenstyd -** Daar word saam gedink en saam gewerk aan die viering van: * Lydenstyd; * Aswoensdag; * Palmsondag; * Groot Lydensweek; * Goeie Vrydag.
Aanbieder: Dr André Bartlett
Koste: R75
VBO: 15 punte
Skakel vir inskrywing: **https://forms.gle/FsgVuWUgVQt63ABj6**
Alle navrae kan gerig word aan Rika van Rensburg by excelsus@up.ac.za

Compassion Fatigue – Webinaar

Datums: ***16, 23 Februarie om 19:00***
"All of us go through times of change and adjustment, also the need to redo some planning. There is an urgent need for spiritual advice amidst the experience of fragility and loss."
Indien jy die eerste webinaar gemis het, kan jy nog steeds inskakel.
Registrasie vind aanlyn plaas: **Kliek hier**

❖ **African Public Theology**



Datums: ***11, 18, 25 Februarie*** [Sien pamflet **<<<**]
Jy kan steeds registreer al het jy die eerste geleentheid gemis. **Kliek hier**
Kyk gerus na die uitnodiging en inligting rakende die boek: **Kliek hier**

❖ **VBO Forum**

Hugenote Kollege se Skool vir Sosiale Innovasie bied die volgende kort-kursusse aan

- *Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap*
  Datum: ***10 Maart***
- *Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid*
  Datum: ***19 Mei***

Inligting/inskrywing is aanlyn beskikbaar: **Kliek hier**

Ander nuus

❖ **Bybel-media**

Kliek hier en lees die **Februarie-nuusbrief**. Lees onder andere van die publikasies wat beskikbaar is op die Bybel-medieboekrak; dat **LiG** voortaan kwartaalliks gaan verskyn; hoe jy 'n vriend van die **Kerkbode** kan word en baie ander nuus.

❖ Christelike Lektuurfonds (CLF)

Die Kerke in Suid-Afrika, COVID-19 en die Toekoms: CLF herinner gemeentes aan 'n elektroniese en "praktiese werkboek" waarin gemeentes gehelp word om te besin oor kerkwees en die bediening in die voortgang en nadraai van die ontwrigting wat die pandemie veroorsaak het. Dit is saamgestel deur 'n studiegroep van Suid-Afrikaanse kerkhistorici uit die vier grootste gereformeerde kerke in Suid-Afrika asook ander kerklike verteenwoordigers. • Die elektroniese "praktiese werkboek" word GRATIS beskikbaar gestel en kan afgelaai word. [**Kliek hier**]

❖ Vakatures

Vakature by Huis Piek

Huis Piek Tuiste in New Muckleneuk, Pretoria, benodig **dringend** 'n **voedseldiensbestuurder / spysenier** vir die voltydse voedseldiensbestuur en voedselvoorbereiding van al die funksies en werksaamhede van die tuiste met die oog op die doelmatige versorging van die inwoners en huurders.Toepaslike ondervinding is 'n vereiste. Aanstelling nie later as ***1 April 2021***. Die pos sluit huisvesting in as 'n opsie.
Vir navrae en stuur van CV: Kontak Adrie van Deventer (adrie3@mweb.co.za).

Kerkbode: **Kliek hier** vir die vakatures wat in die elektroniese Kerkbode geadverteer word.

Naskrif

Dit is op 17 Februarie Aswoensdag